# Stabilis

GREY KOLLEGE / COLLEGE · BLOEMFONTEIN

Beste skoolkoerant in Suid-Afrika in 2008

Volume / Jaargang 44 | Julie 2010 | No/Nr 2

# Tradisie staan sterk

*Trotse geskiedenis is vergestalt in borde en uitstalkaste*



*Die eerste rugbyspan draf op die veld in vanjaar se kragmeting teen Affies in Pretoria. Die span het die wedstryd met 23-6 gewen en bewys dat tradisie en trots op die skool sterker is as ooit tevore.* **Foto: Le Riche Coetzer**

**Christoff Odendaal**

Grey was nog altyd 'n skool met sterk tradisies. Deur ons 150 jaar lange geskiedenis is talle gebruike, waardes en doelwitte ontwikkel wat ons vandag nog koester en nastreef.

Prof. Johan Coetzee het die seuns van Grey Kollege onlangs kom toespreek in die saal. Prof. Coetzee is 'n motiveringsspreker en ook 'n vernuftige besigheidsman. Hy het in 1964 gematrikuleer en is een van die talle suksesvolle persone wat die skool al opgelewer het.

Tydens sy toespraak het hy die Grey-seuns daarop gewys dat die sterk en trotse geskiedenis van die skool hulle 'n voorsprong in die lewe gee. "Kyk na die prestasies om julle," het hy gesê oor die talle borde en uitstalkaste wat die prestasies van leerders en oud-leerders ten toon stel in die Reüniesaal, "dit is julle aansporing om voortreflik te wees."

In dieselfde asem is daar egter 'n plan bekendgestel om 'n nuwe sisteem in te stel waar skoliere terugvoer oor die onderwysers sal lewer en ook andersom. "Die doel is nie om te torring aan die skool se tradisies nie, maar om aan te pas by veranderende tye sodat die skool en sy mense relevant bly," het mnr. Volsteedt oor die nuwe instelling gesê.

Volgens mnr. Volsteedt is die voordeel van ons sterk geskiedenis juis dat dit 'n basis bied waarop Grey kan uitbrei en aanpas by veranderende tye. So kan die Grey-seuns op die oud-Grey's se beroep van "Don't trash our treasure" met vertroue antwoord: "We'll only make it more precious."

In Depth

Page 8

Sport

Fluitjies maak die speelveld ongelyk



Bladsy 10

Sport

Hokkie



Na 'n teleurstellende begin, het die eerste hokkiespan 'n uitstekende seisoen beleef. Hulle het 9 agtereenvolgende oorwinnings behaal.

Bladsy 10

News


Multiple uses for Hamilton



Page 3

Journal

Coldplay warms hearts




Page 9

# Bachelors find their way to the altar

*Winter weddings for some and hot summers for others*



*Messrs Putu Pretorius, Hendri Theron and André Bester have made their vows.* Photo: Riaan Carr


**Melo Mtombeni**

Wedding bells are ringing as our very own teachers get married. They are Messrs Stefan (Putu) Pretorius, Hendri Theron and André Bester, all dedicated teachers here at Grey College. They have all spent their lives looking for Mrs Right and now are on their way to the altar.

Mr Bester, who got engaged just last year, said, "I am excited about the marriage but there is still a long way to go to really make it work." A long way indeed, as he begins the journey with his wife on 18 December in Bloemfontein. Mr Pretorius also got engaged in December 2009 and he plans to have his wedding on 5 June, also in Bloemfontein.

"It will be a white winter wedding, perfect for getting cozy," he laughed. Mr Theron, on the other hand, prefers a warmer occasion. He will celebrate his wedding on 11 December, just a week before Mr Bester's wedding, in the town of Bethlehem. He said, "I love my fiancée and I am excited to get married."

A new life awaits our teachers but even so, they choose to continue their service for the school. "We won't be leaving Grey any time soon," adds Mr Pretorius. This is the feeling that all three of them have towards the school. We are honoured to have such dedicated teachers here. The families, school faculty and the boys are also excited about the marriages and we wish all the best for the future.




## College team performs at Technology Quiz

Fourteen schools from the Free State and Northern Cape participated in the annual High Schools Quiz in Technology and the Environment, held at the CUT in Bloemfontein.

The competition, held at the Japie van Lill Auditorium on the CUT campus, was won by CBC Welkom, who narrowly beat Grey into second place. The Grey team won the following prizes: Two bursaries of R 8 000 each for study at the CUT in 2011, as well as a R 10 000 cash prize for the school.

## Fietsryers skrik nie vir die berge nie

Die skool se Bergfietsryklub het 'n besige kwartaal agter die rug met byeenkomste by Clarens en 'n plaaslike byeenkoms by Sewe Damme.

Tydens die Clarens halfmarathon oor 50km het Christian Strauss derde in sy ouderdomskategorie gekom en algeheel 29ste klaargemaak. Meer as 500 deelnemers het aan dié byeenkoms deelgeneem. Bastian Labuschagné en Dewald Oosthuizen het ook onder die eerste 50 klaargemaak.

By die byeenkoms by Sewe Damme het dit selfs beter gegaan en Bastian Labuschagné het eerste en Christian Strauss tweede geëindig. Herlu Smith en Dewald Oosthuizen het ook onder die eerste vyf klaargemaak.




# *Oros* gaan lekker af in *lang glas*

**Willie Louw**

Mr Johan Volsteedt has celebrated his birthday in many ways before, but never before has it involved crowd-surfing - until this year when he invited *Oros in 'n lang glas* to entertain the boys during assembly.

The band, consisting of Shandor, Stephan, Hanno and Alta, certainly did their job well.

Even though the show started off a bit slow and the boys seemed unsure of what to do, things quickly changed into more of a party mood and we all started to feel the music. Even some of the teachers were caught tapping their feet to the beat.

So when *Oros in 'n lang glas* isn't busy rocking out in Grey's hall, they can be found either getting tattoos or making music somewhere else. They play at Café Society every Saturday and will start touring as soon as they launch their first EP in June.

With their relaxed style of music and their witty lyrics, they certainly found some new fans at Grey who will be looking forward to getting hold of their EP, with songs like *Skelm*, *Rooiwyn* and *Paljas*.

Their first EP will cost only R50 and they will also have some band merchandise available at shows soon.

Die/The SILO Boutique B&B

**Allow yourself a well-deserved break at the Silo Boutique B&B.**

This newly renovated Stone-Silo offers you something different than the usual. Situated on the 5 morgen Libeutrew small-holding estate in Rayton, a stone throw from Bloemfontein.

+27 82 371 8307 · e-mail: libo@naudes.co.za · Facebook: The Silo Boutique B&B



# 'Four weddings and a funeral' held in Hamilton

## *Unique dining hall presents ideal location for numerous formal functions*

**Matthew Wilken**

Do weddings in Hamilton Hall ring a bell? Probably not, not many people know about the weddings that are held in Hamilton Hall, for it is not something that was held in the past too often.

Although some Grey boys and even old Grey's might believe that this should be exclusively available to old Grey's, others might disagree. This is what Mr Volsteedt had to say when questioned on the matter: "I believe that Grey is a community school and should therefore be available to the public if there is a Grey connection."



***Hamilton Hall is an ideal location for a variety of formal functions, including weddings.*** **Photo: Archive**

This is an event that could bring in a lot of positive exposure to the school as well as Hamilton Hall and its kitchen staff. Mrs Annette Marais and her trusty team of cooks are also responsible for the meals and refreshments. The quality of the food is absolutely top notch of course.

De Ville Piek had this to say when asked for his opinion: "Since Hamilton Hall has been under new management, I never even think of missing, let alone bunking meals ever again. I truly eat a king's meal every day. I also believe that the quality of the food prepared by Mrs Marais and her team is definitely suitable for any wedding reception."

The vast majority of hostel boys feel the same. The general feeling is that the quality of food and the professional attitude of the catering staff make Hamilton Hall one of the premier kitchen establishments in the country. They also feel that it is good that Hamilton Hall is used for other functions as well.

Although this is not an event held very often, it is definitely very special every time. It also serves as an additional source of income for the boarding establishment.

According to Mrs Marais, the average amount of people expected to attend a wedding in Hamilton Hall are between around 100 and 200 people and there is about one wedding ceremony held every two months.

So how about it then? Why not have your wedding in such a historic monument, definitely something worth telling your own young Grey boys one day.

# Investment game seems very real

**Billy Grünow**

Warren Buffett, one of the world's wealthiest men, bought his first shares at the age of 11, and today he regrets not starting earlier. However, he had the perfect opportunity: his dad was a stockbroker - an opportunity most people don't have.

The JSE/Liberty Investment Challenge gives learners the same opportunity. Schools are invited to enter teams into a "ghost" stock trading competition. Each team is given an imaginary sum of R1 million to invest in JSE-listed shares.

Their performance is tracked and measured in a competition against other teams taking part in the Challenge. It is a near-perfect replication of the actual share trading experience; share prices in the competition are updated directly from the actual JSE, and trading with identical rules and regulations. There are, of course, only artificial risk, but to the boys it feels real.

There are monthly prizes for the team that performed the best that month, as well as a grand prize for the team and school that performed the best throughout the year. Grey has often ranked in the top 20 schools and last year won a monthly prize.

Grey has several teams taking part this year across the grades that, according to Mrs Rothman, the organising teacher, are doing quite well and are hoping for an annual win. Mrs Rothman says that this competition helps learners understand the trading of shares and the influence they have on the economy as well as helping them become financially independent.

In the high-risk, high-reward field of share trading it is essential to get the necessary experience from one's mistakes before they really cost you. Fortunately, it seems that Grey is producing South Africa's next financial gurus.

The boys seem to enjoy the challenge of making (or losing) money. They look forward to participate in this competition in coming years.

# Koue en besige kwartaal demp Ball-gees

**Luan Reynders**

"Goeie tye, goeie kos en goeie vriende" aldus Niel Marais, vorige Ball-komitee-voorsitter. Niel sê dat hulle Ball-komitee graag vir die drie dinge onthou wil word.

Die laaste Ball van die ou komitee is gehou op Vrydag, 30 April 2010. Die seuns moes inderhaas, binne twee weke metgeselle reël, om die dames genoeg tyd te gun vir 'n nuwe rok. Die rede vir die min tyd was 'n baie kort kwartaal met 'n baie vol program - onder andere twee weg-interskole teen Afrikaans Hoër en Paarl Boys High en die eksamen kort om die draai. Neil sê dat hulle geen ander keuse gehad het nie - dit was of die naweek tydens die inter teen Selborne College of geen Ball nie.

William Small-Smith, skoolkaptein, sê dat die min tyd om betyds 'n metgesel te reël hom nie gepla het nie, en dat sy meisie gou genoeg 'n rok kon kry. "'n Winter Ball is altyd moeilik om te reël as gevolg van die koue, maar ek dink die Grey-manne se persoonlikhede was sterk genoeg om die aand op te warm," sê William. Dit was die ou komitee se laaste funksie.

Die nuwe komitee is kort na die laaste Ball gekies en bestaan uit: Gerhard Olivier-voorsitter, Nico Venter - dekor, Theodor Arndt - finansies, James Rothmann - foto's, Rudolf Botha - kos en Chrispin Moss - kaartjies. Die komitee is deur die vorige komitee gekies. Niel sê dat hulle 'n klomp lekker ouens met goeie idees is. Hy glo dat hulle die nodige eienskappe het om suksesvol te wees.

"Ons beplan groot dinge en ons is baie entoesiasties oor die taak wat ons gekry het," sê Gerhard Olivier.




# Kort kwartaal vererger druk in die klaskamer

*Wêreldbeker-opwinding lei tot 'n unieke probleem in hierdie skooljaar*




**Nicolaas Pienaar**

"Fifa World Cup 2010." Almal is in rep en roer oor hierdie groot gebeurtenis - veral die skole, wat seker die meeste deur die sokkertoernooi beïnvloed word.

"As gevolg van die sokker is die skoolkwartale verkort, maar die hoeveelheid werk is dieselfde. Dit veroorsaak dat die werk vinniger afgehandel moet word en sommiges wat nie so vinnig kan werk nie word dan benadeel omdat hulle nie die werk verstaan nie," het Jurie Swart, 'n matrikulant, gesê.

Mev. Marlinda Rothmann, rekeningkunde-onderwyser, se mening is: "Ek voel dat akademie die belangrikste van alles by die skool moet wees - veral wat die matrieks betref."

Dit is nie net die sokker wat akademiese tyd verminder nie, maar ook interskole, saalperiodes en Vrydae waar baie leerders op toere is. Alhoewel almal gespanne is oor die akademie, is daar hoop en vertroue dat sukses steeds bereik gaan word.

"In Grey Kollege is aandklasse geïmplementeer wat alreeds baie verligting bring aan die Grey-seuns se besige lewens. Die tyd het werklik aangebreek vir elke leerder om uit te haal en te wys waarvan hy gemaak is en op sy eie bietjie selfstudie te doen om die werk onder die knie te kry," het Basson Laas, 'n matrikulant, gesê.

"Ons kan aanpas by die veranderinge en sien dit as voorbereiding vir dit wat na skool gaan gebeur," het Janus de Beer en Nelis Louw wat albei in matriek is, gesê.

# 'Name&shame' is klaarblyklik meer as net 'n dreigement

**Wimpie Greyvenstein**

Dade het gevolge. Dit het die Grey-seuns die afgelope kwartaal op die harde manier geleer. "Name&shame" is klaarblyklik meer as 'n dreigement. Die prefekte het woord gehou en die skool moes toekyk hoe ongehoorsames hulself in die skande steek.

Daar is die afgelope twee kwartale herhaaldelik van die sisteem gebruik gemaak. Die straf is konsekwent toegepas en alle oortreders, ongeag hul ouderdom en graad, is tydens saalperiodes na die verhoog geroep. Die skoolkaptein, William Small-Smith, het die skool van hul oortredings ingelig, waarna die leerders hul dasse moes oorhandig.

David Langford, 'n matriekleerling en prefek het aan Stabilis gesê dat "name&shame" na sy mening nie altyd die gewenste invloed het nie, omdat die oortreders in baie gevalle dié is wat buitendien nie lojaliteit en trots teenoor die skool het nie. Langford meen dat "name&shame" dus nie as die enigste tugmaatreël gebruik kan word nie.

Mnr. Johann Volsteedt het gesê dat die skool ernstige oortreders wel kan skors, mits die proses deur die Departement van Onderwys gefasiliteer word. "Detensie, wat die enigste alternatief is, werk wat my aanbetref nie," het hy gesê. "Die seuns is (tydens detensie) stout en dit is uiteindelik net 'n nagmerrie vir die onderwyser wat toesig hou." Hy het in die verlede enkele studente toegang tot die skool vir so lank as 'n kwartaal geweier op grond van ernstige oortredings.

Halfpad deur die jaar is dit veilig om te sê dat die leiersinitiatief 'n positiewe uitwerking het, aldus die skoolhoof. Die gehoorsames sal toegelaat word om ongemaklike dasse in hul gemaksones te dra en die 'Small' en reguit Grey-pad te loop.



*Die voorstelling van die eerstespan is 'n geleentheid vir verering.* **Foto: Le Riche Coetzer**




# New staff members are no strangers

**Claudio Achadinha**

"I want to be part of a great staff and contribute in a positive way whenever I can. I'll probably stay until they chase me away," says Mr Marcel Cronjé, who teaches Afrikaans First Additional Language. Mr Cronjé is one of the staff members who were recently appointed at Grey College.

The new staff members - Messrs Marcel Cronjé, Wessel du Plessis and Barry Schutte are ready for the task at hand. Coenie Klopper, learner in Mr Cronjé's class, believes that these teachers have what it takes to become successful at Grey College. "They bring a new kind of vibe to the classroom and a new energy to the school."

Mr Barry Schutte was appointed to teach CAT (Computer Assisted Technology), but he also teaches Technology for grades 8 and 9 as well as Accounting.

These new staff members are no strangers to the school. Messrs Du Plessis and Cronjé are both old Greys who were, and are still today, involved with the rugby and hockey respectively. The Cronjé family share a special bond with the school.

As Mr Marcel Cronjé states, "My grandfather was a teacher here, my father and uncle are both teachers here and I spent 12 years here as a pupil. Grey is where I want to be, to make a difference." Mr Du Plessis, who teaches mathematics, adds, "I want to become more involved in the children's lives. The standards they set themselves and the opportunities they use to be the best, these are the things that make it all worthwhile."

Keke Makuta has this to say, "You can easily see that these teachers are enthusiastic to make a difference and educate. Who knows, maybe one of them will be the next Mr 'Flash' Venter."

# Musiek weerklink deur die Drakies se vallei

## *Grey koor maak naam as een van die bestes by 'Music in the mountains 2010'*

**Wijbren Nell**

Grey se Musiekgroepe is gedurende die langnaweek van April uitgenooi om deel te wees van die jaarlikse "Music in the Mountains".

Hier het die musiek deur die Drakensberge weerklink. "Music in the Mountains" is 'n jaarlikse musiekfees wat onder leiding van die Drakensbergse Seunskoor naby Winterton aangebied word.

Die Koor, Ensemble, Marimbas en Indomitus-sanggroep het die naweek Grey Kollege by verskeie konserte en optredes verteenwoordig. Ander skole wat ook uitgenooi is na die fees was Affies Seunskool, Affies Meisieskool en KwaZulu- Natal se Jeugkoor.



*Die koor voer 'n tradisionele dans uit met mev. Marilise van Rooyen wat in die agtergrond dirigeer.* **Foto: Riaan Carr**

Bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars het ook opgetree. Groot gunstelinge was Rina Hugo, Chris Chameleon, Kurt Darren en Romanz, die mans-kwartetgroep.

Op Vrydag 23 April, om vyfuur die oggend, het die eerste busse reeds die lang pad na die berge aangepak. Daar aangekom, was daar nie tyd vir ontspan nie, maar is die eerste klanktoetse en opstellings reeds gedoen.

Saterdagoggend was die eerste van die optredes. Die koor het *Come to the Music, Nuwejaar-Setees, African Processional* en *0-RE-MI,* 'n Nigeriese lied, gesing. Die koor het asems weggeslaan met *Come to the Music.* Met *Nuwejaar Setees* het die koor gewys hoe plesierig Afrikaners regtig kan wees, en niemand in die gehoor kon hulle voete stil hou nie.

Indomitus het *The Girl That I Never Knew, Spieëltjie , Blomme* en *Njeleti* gesing.

Die groepe is ook die middag vermaak met 'n opvoering van *The Piano Man*, 'n eenman-klavierkonsert van Charl du Plessis. Hy is 'n oud-Grey wat ook in Indomitus gesing het. Tans is hy onder andere daarvoor bekend dat hy Nataniël se begeleier is.

Die Marimbas het Sondag, rondom al die stalletjies, nuwe lewe in die berge geblaas met hulle energieke program. Onder leiding van mev. Elsa Venter is die middag afgeskop met die ritmiese klanke van die Marimbas. Almal is in die regte stemming gesit met hulle verwerking van *In the Mood.* Die Ensemble, onder leiding van mev. Celesté Venter, het ook almal laat regop staan en luister wat hulle speel.

Die kamp is afgesluit met 'n "Newies"-konsert rondom die kampvuur en heerlike lag en kuier tot vroeg die volgende oggend.

# Fontein van talent loop oor

**Wijbren Nell**

Die tweede kwartaal was 'n reuse sukses vir Grey se Musiekdepartement met 'n optrede in NG kerk Bloemheuwel op Sondag 14 Maart. Die Koor en Indomitus was deel van die kerk se spesiale Paassangdiens.

Die Musiekgroepe is ook uitgenooi om deel te wees van die jaarlikse "Music in the Mountains" wat by die Drakensbergse Seunskool gehou is. Die Koor, Indomitus, Ensemble en Marimbas was deel van hierdie praggeleentheid.




*David Langford*

St. Michaelsskool se jaarlikse Kunswedstryd het plaasgevind van 3-8 Mei. Ook op hierdie gebied het die Greyseuns uitstekend presteer. Die Koor en Indomitus het albei A++ verwerf en baie goeie kritiek ontvang.

Die Ensemble het ook 'n A++ behaal met hulle verwerking van een van *The Soweto String Quartet* se bekendste liedjies *Zebra Crossing*. Met 'n optrede by 'n sokkerfunksie het die Ensemble gaste vermaak met agtergrondmusiek. Die Ensemble het in Maart te Mizpah Lodge gekamp waar hulle al die musieknote ingestudeer en onder die knie gekry het.

Tydens die Kunswedstryd het die Band ook hulle stempel afgedruk en 'n A+ behaal. Hulle het *Eye of the Tiger* en *Caravans* gespeel. Die Band het vroeër die kwartaal 'n oefennaweek by die skool gehad.

Die Marimbas het ook deelgeneem en 'n welverdiende A-simbool gekry.

Die Koor en Indomitus was deel van Saint Michaels se "Songs of Celebration" ter viering van St. Michaels Meisieskool se verjaardag. Dit het plaasgevind voor 'n volgepakte Universitas-kerk, met talle goeie kore van die stad wat almal deel gehad het aan die vrolike musiekklanke.

Die besige kwartaal is op 'n hoë noot afgesluit met 'n Interkultuur-aand saam met Affies in Pretoria. Dit was 'n reuse-sukses waar Grey vir Affies gewys het dat ons nie net uitstekend rugby kan speel nie, maar ook goeie musiek kan maak. Grey en Affies het 'n massa-item saam gelewer, wat 'n groot gunsteling onder die gehoor was.

Die res van die jaar gaan nog opwindende musiektye oplewer, en almal kan solank vere begin regskud vir die hoogtepunt van die jaar: die Grey Musiekfees, geborg deur FNB, wat weer in Augustus in die Sand opgevoer sal word.

Die gaskunstenaars is vanjaar die bekende Karen Zoid en André de Villiers. Die feeskomitee se oogmerk is om vanjaar se fees in die vorm van 'n 'rock show' aan te bied. Daar word gevoel dat hierdie uiteenlopende kunstenaars mekaar goed sal aanvul.










# Nog is dit het einde niet

By Grey word goud ontgin. Hoekom? Die eindelose talent waaroor Grey-seuns beskik, word kwartaalliks op alle gebiede uitgebeeld. Van die soete klanke van musiekinstrumente, tot die harde modderveldrugby op die Kaapse vlaktes.


Met die jaar se halfmylmerk byna verby en met sokkerwêreldbekergees wat wink, het Grey in die kortste kwartaal nog, steeds uitstekend presteer. Die musiekdepartement bewys dat hier leerders is wat oorloop van musiektalent. In die Drakensberge het Grey hul musiek letterlik oor berge laat weergalm. Vreemdes het hul lof besing as die beste koor in die Drakensberge!

Het nat moddervelde al ooit vir Grey in hulle rugby afgesit? Die antwoord het gelê in die skitterende spel en prestasies wat die Greyseuns op die rugbyveld gewys het. In die Paarl het daar van die spanne vasgeval, maar die eerste hokkie- en rugbyspan het weer die wenvoorbeeld gestel.

Tereg kan die vraag gestel word: is daar 'n afsnypunt van Greyseuns se talente? As daar net meer tyd vir akademie was, sal Grey nie net die beste Wiskunde- en Wetenskapskool wees nie, maar verseker die beste Akademiese skool in die land. Met 'n kwartaal wat net 22 skooldae het, wonder 'n mens soms hoe die seuns (en veral die onderwysers) tyd kry vir alles.

Dit is egter daardie geheim, die "magic" hoekom Grey-seuns so uitstyg bo die samelewing, omdat hulle van kleintyd af leer om onder druk te funksioneer. Dit is daardie "iets" by Grey, wat nog geen persoon kon verwoord nie. Miskien moet 'n mens dit nie verwoord nie, dan verloor dit dalk die "magic". Erkenning moet aan die Greyonderwysers gegee word. Hulle is hul sout werd en bly getrou aan hul Godgegewe roeping.

Met sokker om die draai en duisende toeriste in die land, gaan dit 'n jolige vakansie wees, met baie om te doen. Vive la Grey!







## Netheid en maniere beïndruk wyd en syd

Geagte Redakteur

Hou asseblief so aan met julle dissipline, julle manier om ouer mense te hanteer en julle netheid. Die indruk wat julle skep as eenheid sal 'n mens nêrens anders kry nie.

Vollies, jy en jou personeel is die heel beste en almal waardeer julle ongelooflike harde werk en opofferinge. Dit word verseker nie altyd raakgesien en waardeer nie, maar glo my ons sien dit in julle produkte raak.

Ek is ook deeglik bewus van die moeilike tye waarin julle beweeg en die druk van buite wat elke dag feller raak, maar onthou net dat julle 'n wonderlike werk doen en laat Suid-Afrika in 'n veel beter posisie met dit wat daarbuite moet gaan meeding.

***Matthys Basson - trotse oud-Grey***
***Wes-Kaap***


## *Redaksielys 2010*

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur** Paul Cloete
**Subredakteur: Nuus** Harry Vogel
**Subredakteur: Sport** William Small-Smith
**Subredakteur: Diepte** Léhan Bloemhoff
**Subredakteur: Joernaal** Petri Claassen
**Subredakteur: Kultuur** Francois Venter

**NUUS**
Nicolaas Pienaar
Melo Mtombeni
Christoff Odendaal
Billy Grünow
Wimpie Greyvenstein
Claudio Achadinha
Luan Reynders
Willie Louw
Matthew Wilken

**SPORT**
Henri Brummer
Hendrik Wilken
Simon Sonnekus
Phil Boshoff
Helgard Claassen
Pieterjan Eloff
Jason Long
Armand Pretorius

**DIEPTE**
Gerhardt Nieuwoudt
Bernhard Weyers
Franco du Toit
Dianno Baatjies
Faiq Fredericks
Daniël Steenkamp
Malan Bosman

**KULTUUR**
Kevin Kok
Wijbren Nell

**JOERNAAL**
Jay-G Gouws

**KUNSTENAARS**
Frans Burger
Phil Grimbeek

**FOTOGRAWE**
George Briedenhann
Philip Pieterse
Pieter Bredenkamp
Le Riche Coetzer



**Stabilis**
*Contact STABILIS at:*
*P.O. Box 13001, Brandhof, 9324*
*or e-mail: post@gc.co.za*


# Flash sal gemis word na 42 jaar vol aksie

*Groot gees by Grey se bydrae is nie net in die Wiskunde-klas nie*



***Paul Cloete geniet 6 Cokes saam met die legendariese mnr. J.C. (Flash) Venter, wat vanjaar na 42 jaar by Grey, aftree.*** **Foto: Le Riche Coetzer**




**Paul Cloete**

*Hoe lank is Meneer al by Grey?*
(Laggende) Baie lank! Ek was hier op skool vir 12 jaar en dit is nou my 42ste jaar as onderwyser by Grey.

*Wat sal Meneer volgende jaar die meeste van Grey mis?*
Definitief vriendskap, nie net met die onderwysers nie, maar met die seuns ook.

*Wat is 'n snaaksste staaltjie wat Meneer op Grey beleef het?*
Persoonlik is dit toe ons 'n interskole teen Grey PE gehad het. Ek en 'n paar ander onderwysers het die trein terug gemis en daar moes toe van Grey PE se onderwysers met ons jaag na die volgende stasie, gelukkig was ek toe nog jonk!

*Wat gaan Meneer volgende jaar doen?*
Ek is besig om saam met 'n paneel 'n Wiskundehandboek te skryf vir skole. Ek sal ook ekstra Wiskunde-klasse aanbied vir leerders.

*Wat mis Meneer die meeste van jonkwees?*
(Laggende) As 'n mens jonk is, het jy baie energie en ek het nie meer energie nie, so ek mis dit baie.

*As Meneer nie wiskunde gegee het nie, watter vak sou dit gewees het?*
NEE-NEE. Ek het geen begeerte om 'n ander vak te gee nie.

*Wat weet ons nie van Meneer nie?*
Dat ek in matriek 'n E gekry het vir Latyn en Geskiedenis.

*As Meneer op 'n eiland gestrand is, wat sal Meneer wil hê moet op die eiland wees?*
Natuurlik kos en water. My vrou. Definitief musiek (musiek is die wonderlikste gawe van God). Internet, sodat ek darem kan sien wat in die wêreld aangaan en 'n boek om die tyd om te kry!

*Waar kom Meneer se bynaam "Flash" vandaan?*
Dit kom van universiteit af. Ek het 'n motorfiets gehad en het altyd met hom gejaag en dis waar die bynaam vandaan kom.

**Gunstelinge:**

| | |
|---|---|
| *Kos:* | Skaaptjops |
| *Koeldrank:* | Fanta Orange |
| *Fliek:* | Shawshank Redemption |
| *Sportsoort:* | Krieket |
| *Slagspreuk:* | You have to have a touch of class |

# Vulkaan veroorsaak opskudding in die noorde

## *Eyjafjallajokull maak (groot) naam met ontwrigting van vervoerstelsels*

**Malan Bosman**

Duisende internasionale vlugte is daagliks gekanselleer. Miljoene dollars is verloor.

Dit is alles te wyte aan die geweldige uitbarsting van die vulkaan met die knewel van 'n naam: Eyjafjallajokull. Dit is die vulkaan in Noordwestelike Ysland wat op 14 April 2010 (groot) naam gemaak het, toe as by tye selfs 13km in die lug in gestrek het. Dit het veroorsaak dat daar tussen 15 April en 23 April 2010 ongeveer 100 000 Europese vlugte gekanselleer is. Op 16 April 2010 alleen is 16 000 vlugte onderbreek. Daarmee saam het die Internasionale Lugvervoer Vereniging tydens die onderbreking daagliks $200 miljoen verloor.

Ysland lê in 'n baie aktiewe vulkaniese deel van die aarde. Daar is 'n geweldige hoeveelheid termiese aktiwiteit onder die oppervlakte van dié eiland, waar tot 10% van die landoppervlakte bestaan uit lae afgekoelde lawa. Daar word beraam dat die vulkane op Ysland sedert die jaar 1500 vir ongeveer 'n derde van die totale vloei van lawa op die aarde verantwoordelik was. Die naam van die hoofstad, Reykjavik, beteken heel tereg 'Baai van rook', 'n verdere verwysing na die eiland se vulkaniese geskiedenis.

Ysland is geologies baie jonk en daarom steeds besig om te vorm. Nuwe vulkane vorm elke paar jaar nuwe eilande aan die kus van Ysland. Dié aktiewe eiland is boonop ryker aan warmwaterbronne en stoomspuite as enige ander plek in die wêreld. Daar is meer as 250 warmwaterbronne op die eiland. Alhoewel daar gereeld aardbewings in Ysland plaasvind, is die mense al daaraan gewoond en is daar baie selde ernstige skade.




*Die vulkaniese uitbarsting van Eyjafjallajokull in Ysland is hier in volle swang.* **Foto: Verskaf**

Reeds vanaf laataand 20 Maart 2010 het die vulkaan waarskuwingstekens begin wys. Dit is egter nie tot 14 April 2010 dat die tweede en kragtiger uitbarsting begin het nie. Die vulkaan is steeds aktief.

Die groot opskudding is egter nie die vulkaan alleen se skuld nie. Die winde het goed saamgewerk om maksimum skade aan te rig deur die as na verskillende gebiede te waai. Selfs ons, wat hier aan die suidelike punt van Afrika bly, is deur die gekanselleerde vlugte geraak. Dink net hoe die arme Europeërs moes voel!

# Matrieks oorweeg hul opsies




**Bernhard Weyers**

"Wat wil jy na skool doen?" Elke matriekleerling is al met dié vraag gebombardeer, tog is daar diegene wat nie heeltemal seker is oor die antwoord nie.

In 'n aantal onderhoude met Stabilis, het dit voorgekom dat die meeste matriekseuns na skool wil gaan studeer (sommige oorweeg eers 'n oorbruggingsjaar). Paul Cloete beplan om MB.ChB. by die Universiteit van die Vrystaat te gaan studeer. "Ek wil my eie praktyk oopmaak en een van die beste neurochirurge in Suid-Afrika word." Harry Vogel wil aan die Universiteit van Stellenbosch siviele ingenieurwese gaan studeer. Hanro Oosthuizen wil ook graag by die Universiteit van Stellenbosch B.Rek. studeer.

Daar is ook matrieks wat oorsee wil studeer. Dolf en Jannie Loots wil eerder in Nieu-Seeland gaan studeer as in Suid-Afrika. Jannie stel belang in meganiese ingenieurswese in Christchurch en Dolf wil siviele ingenieurswese by Canterbury College - ook in Christchurch - gaan studeer. Daar is egter ook leerlinge wat nie verder wil gaan studeer nie. Michael du Plessis wil in Limpopo 'n kursus volg wat daarop gemik is om wilduitroeiing te beveg. Hy beplan om 'n oorbruggingsjaar te neem. Tydens die oorbruggingsjaar gaan hy die kursus volg en ook poog om sy vlieglisensie te verwerf.

Ingenieurswese is baie gewild onder sommige matriekseuns. Jurie Swart sê die volgende: "Ek wil siviele ingenieurswese in Stellenbosch gaan studeer. Daarna wil ek by 'n firma gaan werk en genoeg geld verdien om 'n gesin te onderhou. Om die wêreld te verken is ook 'n droom wat ek wil laat waar word."

Phil Grimbeek meen dat hy argitektuur of ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria of die Universiteit van Stellenbosch wil studeer. Hy wil ook na sy studies 'n wêreldtoer onderneem.

Matrikulante, as jy nog nie jou besluit gemaak het nie, moet jy dit baie vinnig doen. Die tyd is al amper verby!

# There is a time and place for politics

**Dianno Baatjies**

